Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Christelle Barkhuizen**
Direktoraat: e-Leer
Christelle.Barkhuizen@westerncape.gov.za | 021 467 2410

Lêerno.: 24/2/1
Verwysing: 20241202-9012

e-Leer-minuut: 0005/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Grondslagfase-koördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en opvoeders by alle openbare skole

**Onderwerp: Beveiliging van IKT-toerusting en -toestelle gedurende die Desember-skoolvakansie**

**1.** Die Desember-skoolvakansie het in 'n mate berug geword as die seisoen waartydens skole die kwesbaarste is vir óf inbrake óf vandalisme. Die Direktoraat: e-Leer raai skole dus aan om veral aandag te skenk aan om toe te sien dat alle IKT-toerusting en -toestelle voldoende verseker is en om toe te sien dat veiligheidsmaatreëls in plek is.

**2.** Hierdie kommunikasie dien derhalwe om skole te adviseer en te herinner dat die beveiliging van IKT-toerusting en -toestelle gedurende die vakansietydperk sal help om om die voortgesette gebruik IKT-toerusting en -toestelle by skole te verseker.

**3.** 'n Paar voorsorgmaatreëls om in ag te neem voor skole vir die Desember-skoolvakansie sluit:

- Maak seker dat die skool se versekering nie verval het nie en dat dit voldoende dekking vir IKT-toerusting en -toestelle bied as 'n volhoubare voorsorgmaatreël waarop skole kan staatmaak.

- Maak seker dat 'n rugsteun van die skool se IKT-stelsel gemaak word (indien dit nie outomaties met die wolk (*cloud*) sinkroniseer nie).

- Bedieners en skakelaars mag nie afgeskakel word nie omdat dit deur gesentraliseerde dienste gemonitor word. Die krag moet dus aan bly.

- Alle werkstasies moet behoorlik afgeskakel word.


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

- Beskerm IKT-toerusting en -toestelle teen direkte sonlig en stof met geskikte stofdigte sakke of swart sakke.

- Trek/maak alle blindings/gordyne toe om IKT-toerusting en -toestelle teen direkte of skerp sonlig te beskerm.

- Maak seker dat alle vensters behoorlik toegemaak of gesluit is om te verhoed dat sand of stof inkom en IKT-toerusting en -toestelle beskadig.

- In hoërisiko-gebiede moet skole oorweeg om soveel moontlik van hul IKT-toerusting en -toestelle in die skool se kluis of in 'n veilige area te bewaar wat met behoorlike sekuriteit toegerus is.

- Maak asseblief seker dat die alarmstelsel aangeskakel en in 'n werkende toestand is voordat die skool vir die vakansietydperk gesluit word en dat die alarm en gewapende-reaksiedienste geaktiveer is.

**4.** Na afloop van die vakansietydperk:

- Plaas alle kragproppe terug in die muursokke.
- Maak seker dat die netwerk volledig operasioneel is.
- Indien die netwerk nie volledig operasioneel is nie, stuur 'n versoek na een van die volgende:

- Schools IT se dienstoonbank: **021 834 4690**
- WhatsApp (teksboodskap): **021 900 7123**
- E-pos: SchoolsIT.ServiceDesk@westerncape.gov.za

**5.** Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATE:** 2024-12-06